education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# GRAAD 8

# AFRIKAANS HUISTAAL
# VRAESTEL 2

## JUNIE 2019

## PUNTE: 50

## TYD: 2 UUR

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

**Beantwoord AL die vrae.**

Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Afdeling A:** | **Leesbegrip** | **Vraag 1** | **(15)** |
| | **Visuele geletterdheid** | **Vraag 2** | **(5)** |
| **Afdeling B:** | **Taalleer** | | |
| | **Advertensie** | **Vraag 3** | **(10)** |
| | **Artikel** | **Vraag 4** | **(10)** |
| | **Strokiesprent** | **Vraag 5** | **(10)** |

**AFDELING A**

**BEGRIPSTOETS**

**VRAAG 1**

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:

### MISLUKKING IS NIE ’N SKANDE NIE - TRACEY SWANEPOEL

TRACEY SWANEPOEL se sukses met haar nuwe besigheid, THINKspiration, volg nadat haar eerste droom nie bewaarheid is nie. Sy het geleer hoeveel mislukking tot sukses kan bydra.

1. Die droom om Wimbledon te wen het my van jongs af elke oggend uit die bed gekry. Dit het tot ’n tennisbeurs aan ’n universiteit in Amerika gelei. In die begin het dit goed gegaan. Die enigste probleem was ’n klein rugbeserinkie wat nie wou opklaar nie.

2. Ek het net deur die pyn gespeel. Naderhand moes ek pal pynpille drink en voor elke wedstryd inspuitings in my rug kry. In die eindwedstryd, ná die inspuiting, het my bene lam geword. Die afrigter het net gesê: “Jy beter jouself regruk as jy jou beurs wil behou.” Hy wou net wedstryde wen en het nie omgegee oor my welstand nie. Die besering het gelei tot die einde van my tennisdroom en ’n terugkeer na Suid-Afrika.

3. Jy kan oorleef as alles uitmekaar val. Jy staan op en droom nuwe drome. Ons planne vir die lewe is dalk nie wat God beplan het nie. Dit leer jou aanvaarding en om dieper oor dinge te dink.

4. Die druk om die beste te wees in alles het my dikwels teruggehou. As ek nou terugkyk op my lewe, besef ek dat ek nie avontuurlustig of braaf genoeg was nie. Dis ’n belangrike les om te leer - dat mislukking deel is van die lewe en

dat dit met almal kan gebeur. Elke dag is nog steeds ŉ uitdaging, maar op ŉ stadium was die druk om honderd present te wees oorweldigend.

5. Om weer die beheer oor jou toekoms te neem gaan oor die storie wat jy vertel. Natuurlik ook om ŉ plan te hê en dit in werking te stel. My pad met tennis het gewys dat jy jou doelwit in kleiner take moet opbreek. Dit laat jou voel asof jy dinge kan doen en regkry, maar so leer jy ook jouself ken, veral jou sterkpunte. Dan ontwikkel jy hulle verder.

6. ŉ Baie goeie manier om weer suksesvol te wees, is om mislukking van skande te skei. Ons is so bang daarvoor omdat dit ons klein en skaam laat voel. Vergewe jouself as jy misluk. Hoe meer jy daaroor praat, hoe minder voel jy dit. Ek sal eerder iemand wil wees wat aanhou probeer as die een wat net kritiek lewer.

7. By THINKspiration fokus ons daarop om leiers te ontwikkel en om hulle te help om op hul sterkpunte te fokus. Ons doen dit deur hulle met kreatiewe vaardighede toe te rus, byvoorbeeld die vermoë om stories te vertel. Dit help hulle om weer hul eie span mense te motiveer.

8. Ons bring logika, slim denke en kreatiwiteit bymekaar om leiers en besighede te help om met hulle eie mense te kommunikeer. Ook om hul eie mense weer te inspireer en op te bou. Dit help ook verhoudings bou.

(verwerk uit *Finesse 3/5 2018*)

**VRAE:**

1.1 Noem die sportsoort waaraan Tracey Swanepoel deelgeneem het. (1)

1.2 Wat was die probleem wat Tracey gehad het wat nie wou opklaar nie? (1)

1.3 As jy ŉ beurs by ŉ universiteit of ŉ skool kry, wat beteken dit gewoonlik? (1)

1.4 Hoe sou jy die houding van die afrigter teenoor Tracey beskryf? (1)

1.5 Haal die sinsdeel aan wat volgens Tracey ŉ belangrike les in die lewe is. (1)

1.6 Bespreek die **DRIE** gevolge indien jy jou doelwit in kleiner take moet opbreek. (3)

1.7 Verduidelik die verskil tussen **MISLUKKING** en **SKANDE.** (2)

1.8 Waarop fokus THINKspiration? Noem **EEN** aspek. (1)


1.9 Watter **TWEE** maniere word deur THINKspiration gebruik om leiers te leer om hul eie span mense weer te motiveer. (2)

1.10 Stem jy saam met Tracy se stelling in par. 6: "Ek sal baie eerder iemand wil wees wat aanhou probeer as die een wat net kritiek lewer." Motiveer jou antwoord in 'n duidelike sin. (2)

(15)

## VRAAG 2 - VISUELE TEKS

Bestudeer die teks en beantwoord die vrae wat volg:




## VRAE:

2.1 Watter sportsoort word deur die bok verteenwoordig? (1)

2.2 Verduidelik die woorde van die bok na aanleiding van die opskrif van die Volksblad.
(Die Rugbywêreldbeker vind in September 2019 in Japan plaas). (2)

2.3 Die spanne in TEKS B het slae gekry. Hoe sluit par. 7 en 8 van TEKS A aan as hulp vir die leiers van die spanne in TEKS B? (2)

(5)

**(20)**

**AFDELING B**

**TAALLEER**

**VRAAG 3**

**ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande advertensie deur en beantwoord dan die vrae wat volg:




**So bek moet mos jêm kry!**

VRAE:

3.1 Wat is die doel van die advertensie? (1)

3.2 Gee een woord vir die woorde tussen hakies in die onderstaande sin:

(Mense wat inteken) bespaar 20% op die gewonde prys van die tydskrif. (1)

3.3 Skryf **"20%"** in woorde. (1)

3.4 Skryf die twee sinne in die laaste raampie in die verlede tyd. (2)

3.5 Hoekom sou jy sê word die woord **"WEG"** in raampie 4 so groot gedruk? (1)

3.6 Verduidelik wat die woorde bo-aan die advertensie beteken:

"leesplesier sonder brieke." (1)

3.7 Word die sin "so ŉ bek moet mos jêm kry" konnotatief of denotatief gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)

3.8 Verbind die volgende sinne met die woord tussen hakies:

Die pa stel in voëls belang.

Die verkyker sal nuttig wees. (omdat) (1)

3.9 Gee die verkleinwoord van “hardloopskoene” in raampie twee. (1)

**(10)**

## VRAAG 4

## ARTIKEL

## ROGER FEDERER

MY GESIN KOM 1STE, DÁN TENNIS

Gaan hy dit regkry? Alle oë is vandeesmaand op Roger Federer om te kyk of hy die derde agtereenvolgende keer die Australiese Ope kan wen. Die Switserse kampioen gesels oor sy vrou, hul vier kinders wat altyd saamreis en sy uittrede.

1. Rodger Federer was ŉ ruk gelede weg van die wêreld se tennisbane – hy het ŉ knieoperasie gehad en hy moes sy hersteltyd in sy huis deurbring. Hy het egter triomfantelik na die tennisbane teruggekeer.

2. Roger is bekend vir sy waardigheid, maar dit was nie altyd so nie. Vroeg in sy loopbaan het hy ŉ reputasie gehad dat hy maklik sy humeur verloor het. Ouderdom en sukses het hom kalmer gemaak, maar nie sy passie vir die spel gebreek nie.

3. Roger is baie diplomaties en hy kies ook nie sommer kant in ŉ saak nie – hy verkies om neutraal te bly.

4. Weg van die tennisbane lei hy ŉ vol lewe. Hy praat vol bewondering oor sy vrou, die voormalige professionele tennisspeler Mirka Vavrinec, met wie hy in 2009 getroud is. Hulle het twee stelle tweelinge: negejarige dogtertjies en vierjarige seuns.

5. Roger se loopbaan was vry van enige ouerlike inmenging. Hulle het hom baie gebalanseerd grootgemaak en hy is gedissiplineer as hy byvoorbeeld ŉ vloermoer op die tennisbaan gegooi het.



6. Hy het in 2003 die Roger Federer-stigting op die been gebring wat opvoedkundige projekte in Afrika en Switserland ondersteun. Byna een miljoen kinders het reeds baat by dié stigting gevind. Mirka is deel van die stigting se direksie.

7. Sy kinders word tuis onderrig. Hulle reis oral met hom saam. Sy woorde aan die einde van die onderhoud wys dat hy ŉ gesinsman is.

8. "Al waaroor ek omgee, is my vrou, my kinders en my vriende," sê hy met ŉ glimlag. "Tennis? Wonderlik. As ek nog wen – fantasties. Indien nie, is dit ook goed."

(verwerk uit *Huisgenoot 17 Januarie 2019*)

VRAE:

4.1 Watter tipe sin is die volgende in die inleiding?: "Gaan hy dit regkry?" (1)

4.2 Gee die rede vir die kappie in die woord "wêreld". (par. 1) (1)

4.3 In die inleiding is een woord onderstreep. Benoem die tipe **TELWOORD** wat hier onderstreep is. (1)

4.4 Wat bedoel die skrywer as hy in par. 2 sê: "... dat hy maklik sy humeur verloor." ? (1)

4.5 Gebruik die **HOMOFOON** van die woord "lei" in par. 4 in ŉ verklarende sin. (1)

4.6 Gee die infinitiewe werkwoord in par. 3. (1)

4.7 Watter **WOORDSOORT** is die onderstreepte woord in par. 4? (1)

4.8 Skryf Roger se woorde in die eerste sin van par.8 in die indirekte rede. Begin so: Hy sê met ŉ glimlag ... (1)

4.9 Waarom word Afrika in par. 7 met ŉ hoofletter geskryf? (1)

4.10 Roger Federer inspireer dwarsoor die wêreld tennisspelers. Stem jy hiermee saam? Motiveer jou antwoord. (1)

**(10)**

**VRAAG 5**

**STROKIESPRENT**

Bestudeer die twee strokiesprente en beantwoord die vrae wat volg:

TEKS A




VRAE:

5.1 Die "oom" antwoord in die eerste prentjie slegs "Nee". Herskryf sy antwoord soos volg deur die woorde van die vraag te herhaal. Begin so:

"Nee, ek het ..." (1)

5.2 Identifiseer die hulpwerkwoord van tyd in die eerste raampie. (1)

5.3 Benoem die voornaamwoord "sulke" in raampie 4. (1)

5.4 Gee die meervoud van die woord "casino" in raampie 5. (1)

5.5 Dink jy die oom hou daarvan as die tante casino toe gaan? Motiveer jou antwoord uit die strokiesprent. (1)

TEKS B




VRAE:

5.6 Verduidelik watter misverstand in bogenoemde raampies kan ontstaan. (2)

5.7 Skryf die volgende sin in die lydende vorm:

Die leeu het oom Dirk gebel. (1)

5.8 Is die volgende sin enkelvoudig of saamgesteld? Gee ŉ rede vir jou antwoord.

Ek gee jou sy selnommer. (2)

**(10)**

**[30]**

**[50]**